OCTOBER
OKTOBER 1974

NO.
NR. 7

# In Memoriam



*MEJ. TRUDIE KESTELL, ere-kuratrise van die versameling historiese kleredragte van die Museum sedert 1961, is op 1 September 1974 oorlede. Sy sou op 7 September 83 jaar oud geword het. Sy was die jongste dogter van wyle vader J. D. Kestell.*

*Deur haar liefdevolle belangstelling in die bewaring van ons kultuurgoedere en veral historiese kleredragte, het mej. Kestell vir die Nasionale Museum reusewerk gedoen.*

*Sy was die skryfster van talle artikels en boeke oor hierdie onderwerp, onder andere* Ons Volksdrag *(1940) en* Wat het hulle gedra *(1951). Voor haar dood het sy 'n omvattende manuskrip voltooi oor kleredrag hier te lande sedert die tyd van da Gama. Hierdie werk sal gedurende 1975 in druk verskyn.*

*Ons eer haar nagedagtenis.*



# OPNAME VAN ARGEOLOGIESE VINDPLEKKE IN DIE O.V.S.

DIE sonderlinge rotsgravures op sandsteen wat hierby afgebeeld is, is deur personeellede gevind by die Monontsapas, Witzieshoek. Daar is tot onlangs geglo dat gravures nie in daardie geweste voorkom nie.

Die Nasionale Museum is 'n streekskantoor van die Nasionale Argeologiese Dataregistrasiesentrum en is tans besig met die samestelling van 'n register waarin alle gegewens omtrent argeologiese vindplekke in die O.V.S. aangeteken word.

Saam met hierdie uitgawe van die Nuusbrief gaan daar 'n eksemplaar van 'n vorm waarop inligting omtrent die voorkoms van rotstekeninge, gravures, grotte, holkranse, graftes en klipkrale aangeteken kan word. Alle sodanige vindplekke is van groot wetenskaplike belang en daar word staatgemaak op die samewerking van die publiek in die opstel van hierdie register.

Verdere vorms is op aanvraag verkrygbaar. Besonderhede kan egter ook telefonies of per brief oorgedra word aan die argeoloog van die Museum, mnr. Kobus Dreyer, wat in beheer is van hierdie projek.



# SURVEY OF ARCHAEOLOGICAL SITES IN THE O.F.S.

*AT the Monontsa Pass, near Witzieshoek, a number of unique engravings on sandstone has been found by staff members of the Museum. It was formerly believed that engravings do not occur in this particular area.*

*The National Museum is a regional office of the National Archaeological Data Recording Centre and is engaged in the compilation of a register in which particulars about any archaeological find in the O.F.S. are recorded.*

*Enclosed in this Newsletter is a compact form on which particulars on the occurrence of any rock paintings, engravings, caves, shelters, graves, and stone kraals can be recorded. All such sites are of great scientific value.*

*The co-operation of the public in this regard will contribute towards a more comprehensive knowledge of the prehistory of our Province.*

*Additional forms are available at request. However, information can also be supplied by telephoning, or writing directly to Mr Kobus Dreyer, archaeologist of the Museum.*

# MEERKATPROJEK

*IN die Afdeling Soogdierkunde is pas begin met 'n interessante navorsingsprojek oor die graatjie- of stokstertmeerkat. Lewendige meerkatte word onder meer aangehou vir gedragstudies. Ouderdomsbepalings word ook gedoen en die voortplantingsgeskiedenis en voedingsgewoontes word bestudeer.*

*Vir rekorddoeleindes word graag verneem waar groot kolonies stokstertmeerkatte in die Vrystaat aangetref word. Sodanige inligting kan direk aan die soogdierkundige van die Museum, mnr. Callie Lynch, oorgedra word.*

**Skriftelike aansoeke om eksemplare van hierdie ses-maandelikse nuusbrief moet gerig word aan die Direkteur, Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein. Enige inligting sowel as foto's waarop geen kopiereg voorbehou is nie, kan oorgeneem word met erkenning van die bron.**

**Written requests for copies of this bi-annual newsletter should be addressed to: The Director, National Museum, P.O. Box 266, Bloemfontein. Any information as well as photographs not copyrighted may be reprinted with acknowledgement of source.**